

Amerikaanse indringer verg drastiese maatreëls

Gerhard H Verdoorn, CropLife
Suid-Afrika

Suid-Afrikaanse boere is wakker manne en vroue wat vir niks op aarde skrik nie. Selfs nie eers die politieke dreigemente oor grondonteiening is genoeg om hulle te laat terugstaan en boedel oor te gee nie. Tog is daar so dan en wan iets wat boere koue rillings gee. Twee jaar gelede het die herfskommandowurm skielik sy opwagting in Suid-Afrika gemaak. Met die GM gewasse en blitsige noodregistrasie van meer as twintig geskikte plaagdoders, is die moontlike skade wat die herfskommandowurm kan aanrig goed onder beheer.

In dieselfde tyd het boere naby Douglas soos gewoonlik hulle gewasse gevestig en die nodige onkruidbeheer toegepas. Dit was effens van 'n kommer toe die misbredie homself aan die onkruidodders afgevee het; boere het ander onkruidodders probeer maar die misbredie het welig gegroei en dit het amper gelyk of glifosaat en twee ander onkruidodders die plant bemes het! Onkruidkundiges is dringend ingeroep en hulle het tot die skokkende besef gekom dat die sterk misbredies niks anders as die gevreesde *Palmer amarant* (*Amaranthus palmeri*) is nie.

Hierdie onkruid is deel van die misbredies wat dikwels as voedselgewasse erken word, maar sy oorsprong lê in die VSA waar dit lankal reeds as 'n uifers weerstandige onkruid is wat teen ten minste ses onkruidoddergroepe bestand is. Dit beteken dat die plant glad nie met hierdie tipe onkruidodders doodgespuit

kan word nie. Vir kontantgewasboere, en veral vir boere wat met Roundup Ready mielies boer, is dit 'n nagmerrie want glifosaat is totaal oneffektief teen die Palmer amarant. Dit is onbekend hoe die plant sy weg na Suid-Afrika gevind het en dus is bespiegelings sinneloos; die feit is dat ons die plant wel in die Noord-Kaap het en dit 'n ernstige bedreiging vir gewasprodusente inhou.

Uitkenning van die *palmer amarant*

Die *Palmer amarant* lyk op die oog af baie soos ander inheemse misbredies en kan dus maklik misgekyk word. 'n Paar kleiner, onopsigtelike eienskappe maak uitkenning egter moontlik. Die blaarsteel is langer as wat die blaar is en dit onderskei die plant van ander *Amaranthus* soorte. Ons inheemse misbredies het kort blaarstele. Die tweede eienskap wat geredelik die spesies identifiseer is die lang bloeiwyses vir beide die manlike en vroulike plante. Daarteenoor is die bloeiwyses van die inheemse misbredies kort. Anders as meeste ander misbredies is die blare glad (sonder fyn haartjies) en ook lank en spiesvormig. Volwasse plante groei robuus tot amper twee meter hoog. Een van die groot gevare van hierdie misbredie is dat hy gemaklik met ander misbredies verbaster en dus sy weerstandigheid teen bepaalde onkruidodders by die ander spesies vestig. Daar is alreeds aanduidings dat verbastering in die Noord-Kaap plaasgevind het.

Bedreiging vir gewasse

Wanneer die Palmer amarant 'n plaas invaar,

doen die spesies dit met mening. Elke vroulike plant kan soveel as 600,000 sade voortbring wat natuurlik 'n geweldige bevolkingsaanwas kan veroorsaak. Die plant neem dus baie vinnig 'n landery heeltemal oor en verdring die boer se gewasse. Wat verder problematies is, is dat die plant vegetatief "uitbrei", met ander woorde as dit met die hand uitgetrek word en die nie totaal verbrand word nie, skiet die stamme en stingels wortel en groei dat dit gons. Laastens is dit weerstandig teen die mees algemene onkruidodder, glifosaat, sowel as vermoedelik ten minste vyf ander groepe onkruidodders. Dit laat vir die gewasprodusent baie min beweegruimte om die indringer te beheer. Die waardeketting gevaar is dat gewasse wat van besmette landerye geoes word, moontlik saad kan oordra as daardie gewasprodukte nie behoorlik ontsmet word van alle saad nie.

Noodmaatreëls om die *palmer amarant* in toom te hou

Na baie ondersoek deur die onkruidwetenskaplikes en werkwinkels het die HRAC (*Herbicide Resistance Action Committee* of

dan Onkruidodder Weerstandskomitee) van CropLife SA 'n baie insiggewende, maar maklik verteerbare inligtingsbulletin oor die Palmer amarant saamgestel. Dit is beskikbaar onder die hofie *Resources* op www.croplife.co.za in beide Afrikaans en Engels <https://croplife.co.za/resources/>. Saam daarmee het CropLife SA 'n noodplan saamgestel om die indringer te probeer uitwis en dit verskyn ook op die CropLife SA webblad.

Die mees belangrike ding vir boere op die Oranjerivier in die Douglas-omgewing en verder stroomaf, is om alle misbredies as verdag te beskou en almal met vasberadenheid uit te wis, juis omdat dit sterk vermoed word dat die inheemse *Amaranthus* reeds met die Palmer amarant verbaster het. Landerye waar mielies, koring, katoen en lusern verbou word, is onderhewig aan moontlike besmetting met die Palmer amarant terwyl waterkanale, stroompies, spruite en rivieroewers ook 'n gunstige habitat vir die verpesting is. Selfs padreserwes is alreeds besmet met hierdie misbredie.



Boere moet kennis neem van die moontlike onkruidodders soos in die bestuursplan uiteengesit wat wel die plant kan uitwis en dit ook ernstig oorweeg om tenklangsels (volgens etiketvoorskrifte) te spuit om die plant in sy geheel uit te wis. Wanneer die onkruid na bespuiting uitgewis is, moet hierdie stande van die plant verbrand word. Dit sal desnoods nodig wees om na 'n week of twee te kyk of daar nie weer uitloopsels of selfs nuwe ontkiemings is nie en weer daardie vars groei met mag en mening te takel. Vir gewasse soos katoen is die skrif aan die muur want as die Palmer amarant in katoen invaar kan dit nie met onkruidodders beheer word nie omdat dit die katoen gaan beskadig. Mielies en koring is baie veiliger omdat die breëblaar onkruidodders wat in die twee graangewasse teen die misbredie gebruik kan word, nie die monokotielgewasse beskadig nie. Lusern hou nog 'n uitdaging in want ons het nog nie die regte onkruidoder om die Palmer mee te spuit wat nie die lusern brand nie. Daar word tans proewe gedoen met 'n verskeidenheid onkruidodders om te bepaal wat die beste gaan wees vir elke gewas.

Boere het alreeds groot pogings geloods om die Palmer amarant vas te vat. Die onkruid is met die hand verwyder, gestapel en verbrand, veral waar dit in katoenlande voorkom. Dan is daar ook planne gemaak om die plant in lusern te klop; hier sny boere elke twee weke lusern wat voorkom dat die Palmer amarant blomme en saad kan maak. Dit help grootliks om saadaanwas te beperk, maar ons benodig 'n onkruidoder om die indringer in lusernlande heeltemal uit te wis.

Die groot gevaar van saad is by die oesstadium van gewasse. As stropers gebruik word is die kans groot dat sulke implemente met Palmer amarant saad besmet kan word. Wanneer hierdie besmette stropers na ander landerye, of nog erger, ander plase beweeg, is hulle vektore vir die gevreesde indringer se saad. Dit is dus noodsaaklik dat stropers en ander implemente wat gebruik is waar die Palmer amarant teenwoordig was, deeglik op verkieslik 'n betonblad skoongemaak word en enige plantmateriaal wat daarvan af kom, verbrand word.

Dit gaan beslis meer as een seisoen neem om Palmer amarant te oorwin, daarom is geïntegreerde bestuur oor ten minste vier tot vyf jaar van kardinale belang. Voor-opkoms onkruidodders kan 'n groot bydrae tot die uitwis van die plant lewer terwyl onkruidoder aanwending tydens gewasproduksie ook belangrik is. Ons behoort binne ses maande te weet welke onkruidodders die taak gaan verrig. Dan is daar ook 'n meganiese metode van beheer naamlik om die grond ten minste 500 millimeter met 'n dolploeg om te werk en die oorblywende plantmateriaal en saad diep onder die grond te berg waar dit tot niet sal gaan. Vir bewaringsbewerkingboere is so diep dolploeg in elk geval so elke vier tot vyf jaar nodig.

Boere word ernstig gemaan om die Palmer amarant as 'n kritiese bedreiging vir gewasproduksie te beskou. Om een seisoen die waaksaamheid te laat verslap kan 'n boer duur te staan kom. Hou die oë oop en as daar enige moontlikheid is dat die indringer opgedaag het, kontak een van die kundiges wat deel van die amarantusgroep is, of stuur bloot 'n epos na gerhard@croplife.co.za vir raad en hulp.

Op hierdie stadium is dit die landbousektor, georganiseerde landbou soos Graan SA, CropLife SA, die Landbounavorsingsraad en wetenskaplikes van die Universiteit van Pretoria wat kragte saamgooi om die produsente en koöperasies te help om die indringerplant vas te vat. Dié samewerking het alreeds vrugte gelewer en die boere het groot onkoste aangegaan om die Palmer amarant te probeer beheer. Ons vat hande en werk hard saam ter wille van ons gewasprodusente.

Kontak die skrywer:

gerhard@croplife.co.za, 082-446-8946 ■

